

Inhoud Preek Johannes 17 behoort toewy pleit liefde. Die Vader en Seun wy ons aan hul liefde toe. Hierdie preek wys dat Jesus se gebed in Johannes 17 is nie 'n innige gebed van 'n mens tot God wat ons Christus kan na bid nie. Hierdie is 'n binne-gesprek in God oor God se kinders. In hierdie binnegesprek openbaar God dat Hy as Vader sy kinders in sy liefde aan sy Seun toewy en sy Seun sy kinders aan die Vader toewy. God wy ons aan sy liefde toe. Ons moet nie ons in liefde aan Jesus toewy om die Seun en Vader se gestryery met mekaar oor hul kinders te stop nie. Ons moet nie met ons toewyding die Vader gunstig stem of sy Seun se vernedering om Hom oor ons te moet paai, stop nie.

Skriflesing Johannes 17: 1 – 19

Teks Johannes 17: 10: “Almal wat aan My behoort, behoort aan U en wie aan U behoort, behoort aan My.”

Tema Die Vader en Seun wy ons aan hul liefde toe.

1. Aan wie behoort ons? Aan wie behoort jy?

Die woord “behoort” in hierdie gebed beteken nie sommer net om 'n besitting te wees nie. Dit beteken om met jou hele hart, siel, verstand en al jou kragte toegewy te wees. Daarom beteken dit eintlik “toebehoort”.

God het ons as Skepper só gemaak: om aan Hom toegewy te wees met ons hele hart, siel, verstand en al ons kragte, en só aan Hom te behoort.

Die gebed van Christus in Johannes 17 is die middelpunt en hoogtepunt van alles wie Christus is en wat Christus doen. Wat Christus hier in hierdie gebed in sy uur van lyding en verheerliking wat gekom het, doen, is die volle vervulling van die Vader se wil.

2. Christus se gebed tot die Vader hier, is heeltemal iets anders as sommer net 'n mens se innige verkeer met God.

Ons kan nie hierdie gebed wat Christus hier bid, saam met hom bid nie. Dit kan nooit 'n voorbeeld wees vir ons eie gebedslewe nie. Hierdie is iets heeltemal anders as die gebed wat die Here vir ons geleer het hoe om te bid in die “Ons Vader.”

Hierdie is 'n binnegespek in God self. 'n Binnegespek tussen God die Vader en God die Seun met mekaar as God. Daarom luister die dissipels nie hier sommer net na 'n innige gebed van 'n mens tot God wat voorbidding vir hulle doen nie. Hier hoor ons hoe God in homself met Homself oor ons as sy kinders praat.

Die Vader en Seun wy ons aan hul liefde toe

Ons kan dit vergelyk met die gesprek van 'n pa en ma oor hul kinders wat die kinders op inluister. Dit gebeur baie keer met kinders dat jy sommer so op die agtersitplek van die kar maak asof jy slaap en dan lê en luister hoe jou ouers oor jou praat of naby in die huis staan en hulle dink jy is nie daar nie en dan hoor jy hoe hulle as ouers oor jou met mekaar praat.

3. Dit is 'n binnegesprek!

'n Binne gesprek van en man en vrou oor die kind of kinders wat hulle vir mekaar verwek en gegee het. Hoe hulle vir mekaar kinders gegee het om aan hulle as pa en ma te behoort.

In hierdie binnegesprek vind iets besonders plaas. Dit is 'n gesprek waarin die man so oor die kinders praat dat hulle hul ma se kinders kan wees en die vrou so oor die kinders praat dat hulle hul pa se kinders kan wees. Dit is toewyding van kinders om aan mekaar te behoort. Om hulle so lief te hê as pa dat hulle aan hul ma behoort en so lief te hê as ma dat hulle aan hulle pa behoort.

So praat ouers oor hul kinders om hul aan mekaar se liefde toe te wy. Die binne gesprek oor kinders is 'n toewydingsgesprek.

Dit is wat ons hier in hierdie gebed van die Seun van die Vader moet hoor! Dit is hoe u hierdie gebed in die Bybel moet lees! Hierdie is die binnegesprek in God tussen die Vader en die Seun, 'n toewydingsgesprek oor hoe God in Homself sy kinders aan homself toewy.

Dit is wat u in die Here se woorde hoor: "Hulle het aan U behoort en U het hulle vir My gegee" en "Ter wille van hulle wy Ek my aan U toe." 'n Binnegesprek in God. Die Vader wat sy kinders wat aan Hom behoort vir sy Seun gee en die Seun wat Hom aan die Vader toewy ter wille van sy kinders.

4. Hierdie binnegesprek gaan oor die geboorte, lyding, kruisiging, sterwe en opstanding van Jesus Christus uit die dood.

Christus se lyding, kruisiging, sterwe en opstanding word in hierdie binnegesprek van die Seun met die Vader genoem as die wyse waarop die Seun die Vader verheerlik en die Vader die Seun verheerlik. (17: 1) Hierdie verheerliking gaan oor die Vader wat sy kinders liefhet net soos Hy sy Seun liefhet (17:23) Alles wat die Seun doen in sy lyding en opstanding is om die liefde waarmee die Vader sy Seun liefhet, die liefde kan maak waarin die Vader sy kinders liefhet. (17:26) Dit is ook meteens hoe die Vader en Seun god se kinders heilig. Christus heilig Homself sodat God se kinders geheilig kan wees. (17: 19) Om geheilig te wees beteken deel van die Vader se volkome liefde te wees en die liefde van sy kinders vir Hom volkome

Die Vader en Seun wy ons aan hul liefde toe

laat wees. Die waarheid waardeur Christus God se kinders heilig is deur sy lyding en opstanding.

Dit is hoe die Vader en die Seun se kinders aan hulle behoort: toegewy aan die Vader en Seun se liefde, heilig vir die Vader en Seun se liefde. (17:10)

Die Vader gee sy kinders aan sy Seun om hulle aan sy liefde toe te wy deur sy lyding en opstanding as mens en die Seun wy Homself aan die Vader se liefde toe om sy kinders in sy liefde te heilig.

In hierdie heiliging in en vir God se liefde, kan ons met ten spyte van ons eie sonde, ons weer toewy aan God met ons hele hart, siel, verstand en al ons kragte. Want ons gebroke en halwe liefde maak die Seun deur sy werke vir die Vader volkome.

Ons hoor in hierdie binnegesprek van die Seun met die Vader die diepstebedoeling en geborgenheid van ons bestaan. God laat ons aan Hom in sy liefde behoort en maak ons sy kinders wie se liefde hy vir Homself heilig.

Dit is wat die ewige lewe vir kinders van God beteken: ek is ingesluit en leef vir ewig binne die liefde van die Vader en Seun, want die Vader en Seun het my aan hulle liefde toegewy. Die Vader gee ons oor in die liefde van sy Seun en die Seun gee ons in die liefde van die Vader oor.

5. Wat hoor ons nie in hierdie binnegesprek nie?

Dit wat kinders baie keer moet hoor wanneer hul ouers met mekaar oor hulle as kinders praat!

“Wat het jou kind nou weer gemaak?”; “Waar het jy hierdie kind gekry?”; “Wat gaan jy met hierdie kind van jou doen?” en “Ek gaan nou hierdie kind van jou vasvat en reg kry!”

In hierdie binnegesprek van die Seun met die Vader hoor jy niks van hierdie verwerping, dreiging, verwyt, beskuldigings oor en gepleit vir kinders nie.

Hierdie gebed van Christus word baie keer verkeerdelik 'n hoëpriesterlike gebed genoem wat nie die werklike karakter van hierdie binnegesprek in God self reg beskryf nie. Dit word ook só verkeerdelik gesien asof die Vader Homself onttrek en vervreem van sy kinders oor wie en wat hulle is en dat Christus dan moet pleit vir hulle. Dan beteken pleit dat Hy moet instaan om hulle teen die Vader se dreigemente en verwyte te beskerm. Op só 'n wyse staan Christus dan tussen ons en die Vader sodat Hy die Vader kan goed stem, deur sy kinders se skuld op Hom te neem.

Die Vader en Seun wy ons aan hul liefde toe

Op hierdie wyse word Christus dan 'n tussenganger tussen 'n onttrekkende Vader en sy onaanvaarbare of onaanneemlike kinders.

6. So word die kinders van God vasgevang tussen die vervreemding van die Vader wat Hom onttrek en die vernedering van die Seun wat moet pleitend instaan met sy liefde.

Wat is dit? 'n Onttrekkende Vader wat gepaai moet deur die liefde van sy pleitende Seun? Dit is mos niks anders nie as 'n gestryery binne in God self oor die kinders se sondes nie! 'n Gestryery wat net nooit gaan ophou nie. Kinders vasgevang in 'n onttrekkende Vader se selfvervreemding wat deur 'n liefdevolle Jesus gepaai moet word.

Al hoe hierdie spanning en gestryery binne God dan kan ophou, is deur kinders wat hulle self so toewy, so oorgee, so liefdevol en gehoorsaam is dat hulle hierdie gestryery binne in God laat ophou! Kinders wat God die Vader en Seun met hulle toewyding weer met mekaar versoen. Dit is hoe mense deur geestelikes geleer word om aan God te behoort – jy moet vrede bring binne in God deur jouself aan God oor te gee.

Dit maak dat baie gelowiges in hierdie waan dan hul self van toewyding aan God onttrek want hulle weet dat hul met hul sondes nooit vrede in God gaan bring nie, maar altyd 'n gestryery tussen die Vader en Seun gaan veroorsaak.

Daarom onttrek mense in hul self om aan hulself of net hul geliefdes te behoort wat om aan God te behoort veroorsaak net 'n lewe van gestryery tussen God as onttrekkende Vader en Jesus as die Seun wat vernederend moet paai.

7. U moet na hierdie binnegesprek tussen God die Seun en God die Vader luister en hoor wat word oor God se kinders gesê!

Hoor u enige iemand wat kwaad is en van die kinders van God onttrek?

Die Vader gee sy kinders vir die Seun en hierdie kinders luister na wat die Vader oor sy Seun bekend maak! (17: 6) Hierdie kinders weet dat alles wat Christus het van die Vader kom (17:7) en dat die Seun self van die Vader kom. Al die kinders van God behoort aan die Vader en die Seun en die Vader bewaar hulle in die Naam van die Seun en die Seun beskerm hulle sodat hulle een kan wees in die liefde van die Vader en Seun vir mekaar en vir hulle. (17:22) Die Seun wy hulle in sy liefde toe aan die liefde wat die Vader vir sy kinders het. (17: 17)

Hoor u enige vervreemding van die Vader van sy kinders wat Jesus voor moet instaan? Hoor u enige gestryery van die Vader met die Seun oor die sondigheid van God se kinders?

Die Vader en Seun wy ons aan hul liefde toe

Al wat u hoor is hoe die Vader en Seun hul kinders aan mekaar se liefde toewy! Hoe die Vader en Seun alles is en alles gee dat hul kinders in hul liefde een kan wees.

Hoor u enige iemand wat vernederend by iemand moet pleit?

Die Vader en Seun verheerlik mekaar as God! Daar is geen vernederende gepleit en gepaai van die Seun by die Vader in hierdie gebed nie: “Vader, die tyd het gekom. Verheerlik u Seun, sodat die Seun u kan verheerlik. (17:1) Die Vader verheerlik die Seun deur sy lyding, kruisiging, sterwe en opstanding en die Seun verheerlik die Vader deur hierdie werk. (17:4) Deur hierdie verheerliking van die Vader en Seun van mekaar word hul kinders ook nie verneder nie, maar bewerk die Vader vir hulle die ewige lewe in God se liefde! (17: 2 – 4) Deur hierdie verheerliking sorg die Vader dat sy kinders altyd in die werk en liefde van sy Seun is. (17:24)

Hoor u enige gestry met dreigemente, veroordelings en verwyte of tussen die Vader en Seun oor hul kinders of met hul kinders?

Dit is die ewige lewe dat God se kinders hul die Vader en die Seun ken. (17: 3); dat hulle aan die Vader en Seun se liefde toegewy is en aan die Vader en die Seun behoort (17:19) dat hulle een is in die liefde van die Vader en die Seun en ingesluit is in wie die Vader en Seun vir mekaar as God is: “net soos U Vader, in My is en Ek in U, dat hulle ook in Ons mag wees ... Ek in hulle en U in My, sodat hulle volkome een kan wees.” (17: 20 -23)

Een omdat die Vader sy kinders net so liefhet soos Hy sy Seun liefhet! (17: 23)

8. Daarom moet ons hoor wie is besig om wie aan wie toe te wy!

Dit kan nooit so wees dat ons ons aan God moet toewy sodat daar vrede tussen die Vader en die Seun kan kom oor hulle gestryery oor hul kinders nie. Ons kan ons nooit so toewy aan God dat daar vrede in God kan kom en Hy nie Homself as Vader van ons vervreem sodat sy Seun Hom oor ons moet paai nie.

God wy ons aan sy liefde toe. God laat ons aan hom in sy liefde behoort. Dit is hoe die Vader en Seun mekaar liefhet – deur hul kinders in hul liefde te laat deel.

Ons leef in die toewyding aan God ons Vader en sy Seun. Hulle laat ons vir hul liefde gewyd, geheilig wees sodat ons ten spyte van ons halwe en skewe liefdes ingesteld kan wees om God met ons hele hart, siel verstand en al ons kragte volgens sy wet te mag lief te hê.

die God vir wie ons vrede moet skep met ons toewyding in Homself met Homself, is 'n afgod! Daar is nie so Vader nie en ook nie so Seun nie.

Die Vader en Seun wy ons aan hul liefde toe

God laat ons in sy liefde aan Hom toebehoort deur ons as Vader en Seun in hulle liefde te laat deel deur die werk wat die Vader vir sy Seun gee.

Daarom moet ons in hierdie gebed van die Seun sy toewyding aan sy Vader hoor waarmee ons aan God toegewy is.

Dan sal ons vrymoedig kan bid soos die Here ons geleer het: “Ons Vader, ons en die Seun se Vader.” Ingesluit in die liefde van die Vader vir sy Seun en die Seun se liefde vir sy Vader. Ingesluit in die liefde wat God as God in Homself vir Homself en sy kinders het.

Toets u eie gebedslewe!

Bid u soos 'n kind wat die Seun vra om die Vader ta paai omdat Hy Homself afwesig maak en vervreem? Dan is jy mos met jou gebed in die middel tussen 'n onttrekkende Vader en paaiende Seun! Moet jy bid soos 'n kind wat weet my sondes het God in Homself met Homself aan die stry en baklei oor my!

Of bid u in die gewydheid van kinders van God wat glo en weet die Vader en Seun het my aan hul liefde waarin hul een is toegewy sodat ek tot God kan bid met die geborgheid van 'n kind wat in liefde een met God is: “Ons Vader, my en die Seun se Vader?

Ons kan en mag nooit anders onself aan die Here se lief toewy as kinders wat weet hulle is deur God se liefde aan Homself gewy nie. Ek is geheilig in die liefde van God om aan God te behoort!

En wanneer u daaraan twyfel, lees weer hierdie binnegesprek binne in god in die Here se gebed en ontdek u self as God se kind in die liefde van die Vader vir sy Seun en die Seun se liefde vir sy Vader – die liefde wat God in Homself vir Homself het.